

Wat is die “Kerk”?

Joh 20:19-23; Luk 4:16-21; Gal 3:27-29

Gemeente Prioriteite: Saam Leef en Heel Word

In die lig van ons gemeente prioriteite en spesifiek die eerste een van *Saam Leef*, gaan ons die volgende 6 weke stilstaan by die tema *Saam-Geroep*.

In ons gemeente wil ons ‘n verskil in ons gemeenskap maak, anders dam die stroom van Lewende Water op en bring dit nie hoop en lewe om ons en in die wêreld nie.

- Ons kies om as geroepe mense in plaas van gedrewe mense te leef.
- Ons kies om ‘n publieke kerk te wees wat *hoop* bring.
- Ons kies om minder in kompartemente en meer geïntereerd en met integriteit te leef.
- Ons kies om doelbewus ruimtes van verskeidenheid te skep waarin ons saam kan wéés en saam kan lééf.

Die tekens van die eerste kerk soos ons haar sien op Paassondag, is ‘n treurmare.

Hulle is gebroke. Hulle is nie meer voltallig nie. Judas het Jesus verraai en hulle Rabbi is drie dae gelede wreed doodgemaak aan ‘n kruis. Hulle is leierloos.

Hulle is verward – die vroue het die oggend ‘n leë graf gevind. Hulle klink ook emosioneel onstabiel en beweer hulle het hom lewend gesien . . .

Hulle is bang. Hulle is agter geslote deure, bang daar is kruise met hulle name op en dat hulle die volgende gaan wees wat so wreedaardig gaan sterf.

Om die waarheid te sê, ‘n *patetiese gesig*. Die volgende oomblik verander alles

wanneer die Opgestane Jesus in hulle midde verskyn en Hy hierdie gebroke, verwarde en bang groepie kom toerus om kerk in die wêreld te gaan wees.

1. Hy kom rus hulle toe met sy **Shalom** – sy allesomvattende **vrede**: dit wat hulle nodig het om as geankerdes met geloof en vertroue te leef. Twee keer sê Hy vir hulle *Vrede vir julle*, so asof Hy seker wil maak hulle vat dit.
2. Hy kom mobiliseer hulle – Hy **stuur** hulle. Die kerk is nie ‘n statiese gebou of sisteem nie. Die kerk is ‘n beweging, God se voertuig om sy vrede oral die wêreld in te vat.
3. Jesus blaas oor hulle, en rus hulle toe met sy **Heilige Gees**. Dit neem ons terug na die skepping, toe die Skepper God lewe in die mens geblaas het.

Hierdie is God se nuwe skepping, sy Paas Kerk.


4. Hulle kry die opdrag om te gaan **vergewe**. Hulle word draers van dit wat gemeenskap herstel – *vergifnis*.

Wanneer aan Walter Brueggemann gevra word wat die rol van die kerk is, is sy antwoord: *Die Kerk moet die narratief, die storie van “naaste-wees” vertel en leef.*

Een van die eerste prentjies van die evangelie wat Lukas vir ons skets, is die lied van Maria wanneer sy swanger is met Jesus. Dit is ‘n lied van kontradiksie en konflik:

*Hoogmoediges in hulle eie waan het Hy uitmekaar gejaag;
Maghebbers het Hy van trone afgeruk en geringes verhoog;
Behoeftiges het Hy oorlaai met goeie gawes en rykes met leë hande weggestuur.*

Wanneer Jesus sy bediening in Luk 4 begin en Hy die boekrol van Jesaja uithaal en daaruit begin lees en opmerk dat dit vandag in vervulling kom, sien ons die begin van hoe Jesus se lewe die uitleef van Maria se lied is. Dis hiervoor wat Hy sy dissiels voorberei. En ons sien hoe Jesus voor Paasfees, reeds ‘n klomp opstandings bewerkstellig van mense wie deur die sisteem van die dag doodgemaak is: *vrouens, kinders, prostitute, tollenaars, melaatses . . .*



Die begrip *kerk* kom van die griekse word *kurios* af wat beteken *wat aan die Here behoort*.

Wanneer Paulus aan die Galasiërs skryf, kom gee hy inhoud presies hieraan:

Galatians 3:26-29 The Message (MSG)

²⁵⁻²⁷ But now you have arrived at your destination: By faith in Christ you are in direct relationship with God. Your baptism in Christ was not just washing you up for a fresh start. It also involved dressing you in an adult faith wardrobe—Christ’s life, the fulfillment of God’s original promise.

In Christ’s Family

²⁸⁻²⁹ In Christ’s family there can be no division into Jew and non-Jew, slave and free, male and female. Among us you are all equal. That is, we are all in a common relationship with Jesus Christ. Also, since you are Christ’s family, then you are Abraham’s famous “descendant,” heirs according to the covenant promises.

Die kerk is God se nuwe begin in hierdie wêreld. Die doop is die teken dat ons aan God behoort. In sy familie is daar geen onderskeid nie, almal is welkom, almal is gelyk. Die kerk se deure is altyd oop; sodat enige een kan inkom, en sodat almal kan uitgaan om hoop te bring.

Om oor na te dink en te bespreek:

- Kyk na Van Gogh se skildery “Kerk sonder deure”. Watter kommentaar dink jy wil Van Gogh met hierdie skildery gee oor sy ervaring van die kerk?
- As Brueggemann sê die kerk moet die “naaste narratief” leef, hoe behoort dit in ons samelewing te lyk?

Hoe dink jy behoort ‘n Kerk van die Pase in vandag se terme te lyk? Watter tekens van hoop bring ons gemeente en hoe skakel jy daarby in.